Hoërskool

# Jim Fouché

VOLUME 18 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 24 JULIE 2026



AUG

**4** TIENERTONEEL KONSERT

OUERAAND **5**

**10** VOORTREKKERS PROE-AAND

**Volg JF SOSIALE MEDIA**

op Facebook @JFAmptelik

op TikTok @jfamptelik

op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# Julie 2026

| MON | TUE | WED | THU | FRI | SAT | SUN |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 20<br>Voortrekkers: PV-kamp | 21<br>Voortrekkers: PV-kamp<br>SKOOL BEGIN | 22 | 23 | 24<br>Potspel: Rondte 8<br>Landloop: Liga 6 | 25<br>Wesgrowliga: vs Voortrekker (weg)<br>Netbal: DSTV o/19 | 26 |
| 27<br>Fotodag 1<br>FWet: Olimpiade | 28 | 29<br>JFFJ-aand: Balkieser emonie | 30<br>Wiskunde: Olimpiade | 31 | 1 | 2 |

# Augustus 26







## Belangrike datums

- 4 Aug Tienertoneel:Konsert
- 5 Aug OUERAAND
- 6 Aug Rugbyliga vs St. Andrews
- 10 Aug Voortrekkers: Proe-aand
- 12 – 15 Aug Tennis Cradock
- 14 Aug Koskasdag
- 14 Aug Kultuursaal
- 21 Aug Matriekbederf / laaste dag.
- 20 – 23 Aug Graad 11 Potch Kamp
- 24 Aug GR 12: Rekordeksamen begin
- 28 Aug Sport en kultuurdinee.
- 1 Sep GR 12: Nasionale eksamen (LO)
- 3 – 4 Sep Melodrama
- 4 Sep Cansadag
- 5 Sep Sentraal 7's
- 12 Sep JF-Fast 5 en 7's toernooi.

# UIT DIE KANTOOR

# 2026

## Baie welkom terug

STERKTE VIR DIE 3DE KWARTAAL!

**Hoërskool Jim Fouché**



*verwelkom*

**JUFFROU**

## GRETA MYBURGH

### LO GR 10, 11 & 12

Ek het 'n groot passie vir die opbou van jongmense en om hulle te help om hul volle potensiaal te bereik.

Lewensoriëntering is vir my die perfekte instrument om leerders toe te rus met die nodige lewensvaardighede, veerkragtigheid en selfvertroue vir die wêreld daarbuite.

Ek is mal oor die buitelug, staproetes en om kwaliteittyd saam met my familie en vier honde deur te bring.

*Dit wat ons vandag plant, bepaal die oes van môre.*





Mnr. Charl
AFLOS

Juf. Chanté

## MENEER CHARL VAN DER MERWE

### AFLOS
### ENGELS - Gr. 8, 9 & 10

**Register Gr. 10 E**

Mnr. Charl hou van goeie koffie; musiek luister; flieks kyk & reis.

*Respek is alles - jy hoef nie van iemand te hou of met hulle saam te stem nie, maar jy MOET hulle respekteer.*





Me. Ghiezla
AFLOS

Juf. Ine-Mari

## JUFFROU GHIEZLA VAN DYK

### AFLOS
### Besigheidstudies Gr. 10 &11

**Register Gr. 10 B**

Fun fact: Ek glo pynappel moet op pizza wees.

*"Sometimes your faith has to be the down payment for your future"*

*Welkom by die JF-familie!*

www.jf.co.za

Geagte Ouers/Voogde

Ons herinner u graag aan die komende DETENSIEDATUMS:
- Vrydag 13 Julie
- Vrydag 14 Augustus
- Vrydag 28 Augustus
- Vrydag 9 Oktober
- Vrydag 23 Oktober

Die detensietye vir Vrydae is steeds soos volg:
- Leerders meld om 13:50 in die vierkant aan.
- Leerders word na klasse vergesel deur onderwysers, waar hul tot 16:00 detensie sit.
- Geen selfone, eet, drink of gesels word tydens detensie toegelaat nie.
- Slegs akademiese werk word toegelaat.

Let asseblief:

AKADEMIESE DETENSIE, sowel as GEDRAGSDETENSIE, se naamlyste word minstens 1 week voor die detensiedatums op die kennisgewingbord geplaas.

Dit is LEERDERS SE EIE VERANTWOORDELIKHEID om die kennisgewingbord te besoek en hul ouers in kennis te stel van wanneer hul detensie moet sit.

Leerders mag nie detensie misloop nie. Daar word 500 strafpunte gegee vir afwesigheid van detensie.

Ouers mag die dissiplinehoof per e-pos in kennis stel van noodgevalle wat maak dat leerders nie detensie kan bywoon nie. Slegs geldige verskonings sal aanvaar word. Leerders sal dan wel tydens die volgende detensiedatum moet sit.

Ekstra eksamendetensies word individueel aan spesifieke leerders toegeken tydens eksamens en blokdae. Die naamlyste en datums sal op die kennisgewingbord geplaas word minstens 1 week voor die individuele leerder se eksamendetensie.

Vir enige navrae, kontak gerus vir mnr Karel van Heerden – dissipline@jimfouchehs.com of skakel die kantoor by 051 502 1760.

# Die Kiepersol

**"Hier het ons almal pouse geëet, gelag en saam herinneringe gemaak... nou bou ons weer daardie herinneringe vir die volgende geslag."**

Ons nooi graag oud-leerders, ouers en vriende van die skool uit om deel te word van hierdie spesiale projek wat ons tydens die Junie-vakansie loods. Ons nooi u om saam met ons aan die toekoms van Die Kiepersol te bou.

Die Kiepersol is meer as net 'n snoepie — dit is deel van Jim Fouché se geskiedenis, tradisie en nostalgie wat oor jare heen in die harte van oud- en huidige leerders voortleef. Ons droom is om daardie besondere gevoel te behou, terwyl ons 'n moderne en warm ruimte skep waar nuwe herinneringe gevorm kan word.

Om hierdie ruimte nog meer spesiaal te maak, wil ons graag 'n fondsinsameling onder ons oud-leerders, ouers en vriende -selfs besighede- vir die borg van piekniekbankies loods. Ons benodig 10 piekniekbankies teen 'n koste van R 5000.00 elk.

Besighede wat 'n piekniekbankie borg, sal ook die geleentheid vir advertering op die bankie as deel van hul borgskap kry . Dit bied uitstekende blootstelling binne ons skoolgemeenskap en ondersteun terselfdertyd die opgradering van ons fasiliteite.



Dra by tot 'n bankie!
Donasies op karri

**Indien u graag deel wil wees van hierdie projek, kontak gerus vir Merice Erasmus vir meer inligting by bemarking@jf.co.za**

# Finansies:

## Skoolfonds 2026:

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning en samewerking om die beste moontlike opvoeding vir u kinders te verseker. Ons vra dat skoolfondsbetalings asseblief op datum gehou word, aangesien dit ons help om die gehalte van onderrig, aktiwiteite en hulpbronne by die skool te handhaaf.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer. Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Kontroleer asseblief gereeld u staat en bring enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag.

Kontak Christelle Swanepoel vir enige navrae of indien u nie u rekening ontvang nie, by finans@jf.co.za

Kontak Hannelie Maritz rakende agterstallige skoolfonds by skoolfonds@jf.co.za

## Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke is reeds aangetoon op u staat vanaf 30 April 2026.

Kontak Hannelie Maritz by skoolfonds@jf.co.za indien u wel 'n aansoek terug besorg het en kwytskelding nie op u staat getoon word nie. Let asseblief daarop dat aansoeke om kwytskelding nie hanteer gaan word waar dokumente en inligting uitstaande is nie.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.Beide partye is en bly dus aanspreeklik vir skoolfonds, ongeag enige ooreenkoms aangegaan tussen u as ouers.
- Let asseblief daarop dat indien skoolfonds agterstallig raak, word die volle jaar se skoolfonds onmiddelik opeisbaar en betaalbaar. In sodanige geval mag die skool regstappe neem om uitstaande skoolfonds te verhaal

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief u skoolfonds op datum te hou. Dankie aan elke ouer wat 'n reëlings kom tref het t.o.v. agterstallige skoolfonds en sodanige ondernemings getrou nakom.

**Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.**

**HARDE-KOPIE-SKOOLFONDSREKENINGE:**
**Ons bring graag onder u aandag dat alle leerders gedurende die derde kwartaal 'n harde kopie van die skoolfondsrekening sal ontvang om aan u as ouer te besorg. Hierdie rekeninge sal in graadverband uitgegee word in 'n geseëlde koevert vir u aandag. Alle ouers sal dus 'n harde-kopie-rekening ontvang ongeag of die rekening op datum is al dan nie.**

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek, en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za**

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

# MIDDAGSTUDIE

**Maandae tot Donderdae**

**14:00 - 17:00**

**R400 p/m**

Kontak Suzette by
ontvangs.loo1@jimfouchehs.com

**TYE WORD GEDURENDE DIE EKSAMEN AANGEPAS.**

DANKBAARHEID

# Waardes

# Dankbaarheids-Donderdag 1

## Dankbaarheid en geluk

Vanoggend is vir eers die laaste keer wat ons oor dankbaarheid gesels. Die res van die derde kwartaal fokus ons weer op die ander JF-waardes waarna dankbaarheid weer in kwartaal 4 volg.

Ons leef in 'n tyd waar mense dikwels fokus op wat hulle nog wil hê eerder as om te let op wat hulle reeds ontvang het. Ons raak vinnig gewoond aan seëninge en begeer dan weer iets anders. Dit is belangrik om gereeld stil te staan en te let op die maniere waarop God in ons lewens werk.

As ons terugkyk op die vorige kwartaal en op die vakansie, sal ons talle redes vind om God te dank. Miskien het Hy jou beskerm in 'n situasie waarvan jy nie eens bewus was nie. Vir almal van ons om veilig terug by die skool te wees na die vakansie, is genade en rede tot groot dankbaarheid! God se hand is dikwels meer sigbaar wanneer ons terugkyk as wanneer ons vorentoe kyk. Dankbaarheid verander ons perspektief. As ons fokus op God se seëninge, verloor negatiewe gedagtes hulle mag oor ons harte. Dit beteken nie dat ons probleme oornag verdwyn nie, maar dit laat ons in vertroue eerder as in vrees leef.

In Psalm 118 vers 24 verklaar Dawid: "Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daaroor juig en dankbaar wees!"

Dit is elke dag jou eie keuse of jy dankbaar of ondankbaar wil leef.

**Wat kies jy?**

Kom ons sluit die oë:

"Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daaroor juig en dankbaar wees!"

**Hemelse Vader, ons kom erken vandag dat ons nie naastenby dankbaar genoeg is nie. Ons kla soms oor die kleinste dingetjies wat nie na ons sin is nie. Ons kom bely ons ondankbaarheid en vra dat U ons daarvoor sal vergewe. Maak ons dankbare mense, asseblief Here. In U heilige naam vra ons dit. Amen.**

Dankbaar

Ons leef in 'n tyd waar mense dikwels fokus op wat hulle nog wil hê eerder as om te let op wat hulle reeds ontvang het.

UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# ALGEHELE WELSYN: DIE MAG VAN BALANS




Dit is nie verniet moeilik om op een been te staan nie. Balans is 'n uitdaging in die meeste mense se lewens. Ons skeep dikwels sekere aspekte van ons lewens af en plaas meer fokus en inspanning op ander aspekte. Mense is egter soos 'n legkaart. Al die stukke is nodig om 'n mooi prent te vorm. Wanneer ons sekere aspekte van ons lewens afskeep, kan dit ander aspekte, asook ons algehele welsyn, negatief beïnvloed. Om balans te handhaaf en ons algehele welsyn te bevorder benodig onder andere die volgende aspekte, aandag:

## 1. Fisiese welsyn

Fisiese gesondheid is 'n uiters belangrike legkaartstuk om algehele welsyn te bevorder. Eerstens is dit belangrik om fisiese oefening te kry. Dit is nie nodig om 'n 'spiertier' te word nie. So min as 20 minute se stap, drie maal per week, is genoeg om die voordele te geniet. Verder moet daar ook aandag gegee word aan slaap. Tieners benodig bykans 10 ure se slaap per nag, terwyl volwassenes agt ure benodig. 'n Gesonde, gebalanseerde dieet het ook 'n groot impak op al die ander stukke van die legkaart.



## 2. Emosionele welsyn

Hierdie legkaartstuk word dikwels afgeskeep. Ons is so besig met die alledaagse lewe en take dat ons selde stilsit en bevraagteken hoe dit werklik met ons en ons geliefdes gaan. Dit is uiters belangrik om gesonde maniere te vind om uiting te gee aan moeilike emosies, anders mag hierdie emosies self uiting vind in aggressie, konflik, substansgebruik, ensovoorts. Eenvoudige aktiwiteite soos om stiltetyd te hou, in 'n joernaal te skryf of met geliefdes te gesels oor ons gevoelens, maak 'n groot verskil.

## 3. Sosiale welsyn

Ons vra dikwels vir mekaar hoe dit gaan en antwoord dan sommer: 'Goed, dankie', sonder om werklik daaroor te dink. Ons leef in 'n samelewing waar baie mense eensaam is en konneksie slegs op sosiale media vind. Maak tyd om die mense te sien wat jou emosionele emmer vol maak. Alhoewel mens soms te moeg voel, doen die ondersteuning en liefde van vriende en familie mense baie goed.

## 4. Spirituele welsyn

As mense is ons meer as net vlees en been. Daarom benodig ons spirituele lewens ook aandag. Aktiwiteite soos stiltetyd en kerkbywoning dra positief by tot ons spirituele welsyn.

## 5. Intellektuele welsyn

Dit is belangrik om voortdurend nuwe dinge te leer, nuwe aktiwiteite te probeer en nuwe omgewings te verken. Die lewe kan soms herhalend word en mens leef baie maal net van een naweek tot die volgende. Dit is belangrik om ons brein aan nuwe omgewings en aktiwiteite bloot te stel.

Ons almal streef na 'n vol, gelukkige, gebalanseerde lewe. Die bogenoemde aspekte mag oorweldigend lyk om te probeer balanseer, maar die klem lê op probeer. Hoe meer ons probeer om balans te vind, hoe duideliker sal die prent op die legkaart van ons lewens lyk.


#JFbid
Beste Ouers,
Kom bid saam vir ons
kinders en ons skool.
Tyd:
Woensdae
07:30 - 08:00
Plek:
JF-Konferensielokaal
VIR NAVRAE, KONTAK GERUS VIR CHRISNA BY 082 445 3477

# MA'S WAT OMGEE



DIE HERE SÊ:
"EK SAL JOU ONDERRIG EN DIE PAD WYS WAAROP JY MOET GAAN.
EK SAL VIR JOU RAAD GEE, MY OOG SAL OP JOU WEES."

Ps. 32: 8

# KULTUUR

## ATKV-DIGIKUNS

### Kuns







Cherizé Clarke: A+

Inge Stoltz: A+

Mekayla Carstens: A

Natalie White: A++

Natasha de Waal: A++

Nina Smit: A++

Tessa Pieterse: A+









# AKADEMIE



## Senior Afrikaanse Olimpiade Vrystaatprovinsie

**Eerste plek:** Nina Smit gr. 12 (Nasionaal 18de plek)

**Tweede plek:** Shiloh Smith gr. 12 en Jomari Siebert gr. 11

**Derde plek:** Melani Slabbert gr. 12

**Agtste plek:** Chenique Erasmus gr. 11

**Negende plek:** Marli Niemand gr.11




Hoërskool Jim Fouché bied aan:
BLINDELINGS
Hoeveel keer moet jy val voordat jy verstaan?
Teks: Margo Kotze
Regie: Stella Nortier
Joané de Beer
Rizé Bierman
Chrizel van Wyk
Nicole van Schalkwyk, Hanro Snyman, Daune van der Walt,
Corlé Roos, Anné Roos, Wiehan du Plessis


ELANELLE STRYDOM
ANSJE BEKKER
GÉ COETZEE
ADELLE FRONEMAN
HORST WEYERS
MISCHA GOOSEN
MINETTE WESSELS
KUNSMATIG
HET DIE TOEKOMS GEKOM OM ONS TE RED... OF TE BEHEER?
SUBJECT 04
STATUS:
HERSTEL
TEKS DEUR: MONIQUE BOOTH & ANKE MEYER-AULD
REGIE: MONIQUE BOOTH
CHARISMA AZALIAH HAUPTFLEISCH
MIENÉ SPIES
SHILOH MIA SMITH
CHARLOTTE ANN GIBBENS
LINÉ FOURIE
JD JOUBERT
JP CROUS

# Rustenburg toer KRIEKET



JF-kriekettoer na Jaru Sportakademie in Rustenburg:
Die eerste en tweede span het in die middel van die wintervakansie in die middel van die Bosveld gaan krieket speel.

Die uitslae van die eerste span is as volg:

*Wen teen HS Nylstroom met 7 paaltjies

*Verloor teen HS Rustenburg met 180 lopies

*Wen teen HS Vryburg met 115 lopies

*Wen teen HS Fochville met 59 lopies



Tydens die eerste krieketspan se toer na Jaru Sportakademie in Rustenburg het Franco de Necker sy 100ste eerste span wedstryd teen Hoërskool Vryburg gespeel. Baie geluk Franco!



JF-kriekettoer na Jaru Sportakademie in Rustenburg:
Die eerste en tweede span het in die middel van die wintervakansie in die middel van die Bosveld gaan krieket speel.

Die uitslae van die  tweede span is as volg:

*Wen teen HS Fochville met 157 lopies en 98 lopies onderskeidelik

*Verloor teen HS Transvalia se tweedes met 106 lopies

*Wen teen HS Vryburg met 42 lopies



#TrotsJF

# Rustenburg toer
# KRIEKET

**JIM FOUCHE 19B** — 220-5 (20.0)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Benco Olivier | 132*(7 | Jayden Visagi | 1-24 |
| Neydan Viljoe | 26(15) | Divan Reineck | 1-25 |
| Jean De Meye | 23(12) | Amantle Mag | 1-43 |

**VHS 1ST** — 178-5 (20.0)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Basie Nieman | 49(26) | Lj Cromhout | 2-27 |
| Rigart Muller | 32(29) | Zander Swane | 1-16 |
| Jano Nieman | 27(19) | Neydan Viljoe | 1-18 |

**JIM FOUCHE 19B** — 163-7 (25.0)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sokkies Engel | 37(24) | Morne Muller | 3-20 |
| Martin Jonas | 31(43) | Johan Homan | 2-30 |
| Jean De Meye | 29(31) | Quevin Kroon | 1-11 |

**FOCHIES 1ST SPAN** — 65-10 (22.0)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Tiaan Van Jaa | 16(18) | Duan Van Vuu | 4-14 |
| Stefan Schutt | 10(15) | Martin Jonas | 2-10 |
| Johan Homan | 7(20) | Jean De Meye | 1-2 |



**JIM FOUCHE 19B** — 250-10 (42.2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Divan Kleyn | 62(56) | Johan Homan | 4-54 |
| Armand Bosh | 37(32) | Juan Brink | 2-34 |
| Martin Jonas | 35(52) | Morne Muller | 2-69 |

**FOCHIES 1ST SPAN** — 93-10 (26.3)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stefan Schutt | 30(26) | Duan Bastone | 3-11 |
| Quevin Kroon | 20(41) | Lj Cromhout | 2-2 |
| Juan Brink | 11(27) | Divan Kleyn | 1-6 |

**TRANSVALIA 2DES** — 217-10 (44.4)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Hentus Stoop | 79*(63 | Neydan Viljoe | 4-26 |
| Ruben Hayes | 25(37) | Sokkies Engel | 3-40 |
| Marco Jacobs | 16(36) | Divan Kleyn | 2-35 |

**JIM FOUCHE 19B** — 111-10 (23.2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| Sokkies Engel | 37(32) | Ruben Hayes | 3-20 |
| Armand Bosh | 13(21) | Logan Maree | 2-7 |
| Martin Jonas | 12(25) | Ruan Swanep | 2-16 |



#TrotsJF

# Rustenburg toer

# KRIEKET

| JIM FOUCHE U19A | | 199-4 (20.0) | |
|---|---|---|---|
| Eckard Meyer | 53*(33 | Qewen | 2-37 |
| Franco De Ne | 51(30) | Stefan Schutt | 1-16 |
| Ruan Kleyn | 43(21) | Johan Homan | 1-27 |

| FOCHVILLE | | 140-10 (19.2) | |
|---|---|---|---|
| Qewen | 30(20) | Jean Van Sch | 3-25 |
| Stefan Schutt | 22(28) | Eckard Meyer | 2-10 |
| Erwee | 14(10) | Johan Van Dy | 2-23 |

| NYLSTROOM | | 149-10 (30.3) | |
|---|---|---|---|
| Johan | 22(9) | Wihan Paulse | 4-40 |
| Christopher | 22(29) | Johan Van Dy | 2-21 |
| Carel | 20(32) | Andre Kleyn | 2-29 |

| JIM FOUCHE U19A | | 153-3 (22.1) | |
|---|---|---|---|
| Franco De Ne | 49*(37 | Carel | 2-49 |
| Eckard Meyer | 31(38) | Christopher | 1-18 |
| Cobus Wilken | 27*(22 | Anton | 0-11 |

| JIM FOUCHE U19A | | 339-10 (49.5) | |
|---|---|---|---|
| Cobus Wilken | 112(70 | Divan Reyneke | 3-46 |
| Franco De Ne | 60(72) | Sebastian Vis | 2-25 |
| Johan Van Dy | 42*(25 | Reinhart Van | 1-35 |

| VRYBURG HS | | 224-10 (46.3) | |
|---|---|---|---|
| Jano Nieman | 81(85) | Andre Kleyn | 3-44 |
| Basie Nieman | 40(60) | Jean Van Sch | 2-24 |
| Richardt Mull | 16(22) | Cobus Wilken | 2-41 |

| RHS | | 250-8 (50.0) | |
|---|---|---|---|
| Rejean Van D | 67(59) | Johan Van Dy | 3-44 |
| Daniel Bester | 53*(78 | Andre Kleyn | 2-46 |
| Hendro Van R | 22(43) | Cobus Wilken | 1-33 |

| JIM FOUCHE U19A | | 70-10 (20.1) | |
|---|---|---|---|
| Johan Van Dy | 17*(22 | Thian Labusc | 6-22 |
| Eckard Meyer | 10(13) | Andre Fryer | 3-26 |
| Jean Van Sch | 7(24) | Aj Coetzer | 1-11 |

#TrotsJF


WES grow
REEKS 2026
Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet
D.H.S.
A POSSE AD ESSE
FICHARDTPARK
GLO WERK DIEN
GOUDVELD - HOËRSKOOL WELKOM
STREEF WERK OORWIN
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
B V H S
WERK EN WEN
PERSEQUOR
TRIO
8 Skole. 1 Reeks. 1 Kampioen.


SENTRA SKOLE SPORTREEKS 2026
PROGRAM
14 MAART
GV VS JF
WITT VS SENT
TRIO VS DHS
BVHS VS FHP
20 MAAR
SENT VS GV
21 MAART
JF VS WITT
DHS VS BVHS
FHP VS TRIO
11 APRIL
FHP VS JF
18 APRIL
FHP VS SEN
GV VS TRIO
25 APRIL
WITT VS GV
1 MEI
TRIO VS BVHS
1 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS
9 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVH
16 MEI
DHS VS FHP
SENT VS JF
GV VS BVHS
WITT VS TRIO
23 MEI
JF VS DHS
BVHS VS WITT
25 JULIE
BVHS VS JF
DHS VS GV
TRIO VS SENT
FHP VS WITT
1 AUG
WITT VS DHS
GV VS FHP
JF VS TRIO
SENT VS BVHS

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

**BETHLEHEM VOORTREKKER HOËRSKOOL**

VS

**HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ**

## 24 & 25 JULIE 2026

## BETHLEHEM VOORTREKKER HOËRSKOOL

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOERSKOOL JIM FOUCHÉ

WES GROW

## BEPALINGS : HOKKIE

## BVHS ASTRO - VRYDAG 24 JULIE 2026

| TYD | SPAN |
| --- | --- |
| 16:00 | o/14 A (S) |

## BVHS ASTRO - SATERDAG 25 JULIE 2026

| TYD | SPAN |
| --- | --- |
| 08:00 | o/16 A (D) |
| 09:00 | o/14 A (D) |
| 10:00 | o/19 B (D) |
| 11:20 | o/19 A (D) |
| 12:40 | O/19 A (S) |
| 13:40 | O/16 A(S) |

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : HOKKIE

## NEW HORIZON ASTRO - SATERDAG 25 JULIE 2026

| TYD | SPAN |
|---|---|
| 08:00 | o/14 B (D) |
| 09:00 | o/19 B (S) |
| 10:00 | o/19 C (D) |
| 11:15 | o/16 B (D) |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : RUGBY

| TYD | A - VELD | TYD | B - VELD |
|---|---|---|---|
| 09:00 | o/14 A | 09:00 | o/19 C |
| 10:00 | o/15 A | 10:10 | o/16 B |
| 11:00 | o/19 B | 11:20 | o/14 B |
| 12:10 | o/16 A | 12:20 | o/15 B |
| 13:20 | o/19 A | | |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

BVHS VS HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

## BEPALINGS : NETBAL

| TYD | BAAN 1 | BAAN 2 | BAAN 3 | BAAN 4 |
|---|---|---|---|---|
| 09:00 | O/15 A | O/14 D | O/1 5 C | O/19 E |
| 09:45 | O/17 A | O/15 B | O/19 D | |
| 10:30 | O/19 B | O/19 C | O/14 B | O/16 B |
| 11:15 | O/16 A | O/14 A | O/16 C | o/14 C |

skilltracer vkb UFS novus media community news

# SENTRALE SKOLE SPORTREEKS 2026

NOVON PROTECTA

BRD GROUP
ESTABLISHED IN 1995

WMF
FINANCIAL ADVISORS
SHORT TERM INSURANCE
Authorised Financial Services Provider FSB 36502

vkb

MMG
Mortimer Motor Group

OVK
SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

BKB

nu-pro GROUP

AFGRI

Coastal HIRE
Serving all your equipment hire needs

JAC MOTORS

pronex
ENGINEERING SIMPLIFIED

Visser Agri

VS AGRI KZN

Est. 2002
CN LOURENS
Slaghuise

ROMAN'S PIZZA
BEST PIZZA, BEST VALUE

Somerby Safaris

PLUS AJ VERVOER

TWK agri

PANAROTTIS
PIZZA & PASTA

WES grow

UFS

SUPERSPORT SCHOOLS

novus media community news

skilltracer

# Landloop



Vrystaat-Liga het 26 Junie 2026 in Bethlehem plaasgevind.
Daar was 10 leerders wat deelgeneem het aan die Interprovinsiale wedloop.

Caralize Reyneke het 'n 10de plek behaal met 'n tyd van 17.24 in die dogters o.14.



Alex du Plessis het 'n 22ste plek ontvang in die seuns o.16 se 6 km met 'n tyd van 26.19.



Hendrik Rautenbach het 'n 19de plek ontvang in die seuns o.14 met 'n tyd van 17.11.

Baie geluk aan hierdie drie leerders, asook die ander sewe wat deelgeneem het.

#trotsJF

# AJ Theron

BUITESPORT

OBSTACLE COURSE RACING



By die Vrystaatse *OCR*-kampioenskappe wat op 23 Mei 2026 by *Be Human* plaasgevind het, het AJ 'n 1ste plek in die seuns o. 19-afdeling behaal.

Hy het die kompetisie 12de algeheel afgesluit en is tans gesamentlik eerste op die nasionale ranglys in Suid Afrika.

# AJ Theron

LASER RUN
TRIATHLE
BIATHLE

BUITESPORT



AJ het aan verskeie multidissiplinêre sportsoorte tydens die South African *Laser Run, Triathle en Biathle Championships* deelgeneem, wat van 2–4 Julie 2026 by die *Aqua Centre* in Pietermaritzburg plaasgevind het.

**Hy behaal die volgende prestasies in die Seuns o. 19-afdeling:**

*South African Laser Run Championships:* 2de plek
*South African Triathle Championships:* 3de plek
*South African Biathle Championships:* 8ste plek

AJ is verkies om Suid-Afrika internasionaal by die wêreldkampioenskappe in al drie dissiplines van 26-30 Oktober 2026 in Madeira, Portugal te verteenwoordig.



## Ruwan van Niekerk & Stiaan le Roux

BUITESPORT STOEI

Ruwan en Stiaan het op 18 Julie 2026 aan die Suid-Afrikaanse o.17-, o.20- en Meesters Vrystylstoei-kampioenskappe in Pretoria deelgeneem.

Ruwan het in die 60 kg-afdeling deelgeneem en 'n gesamentlike 3de plek behaal.

Stiaan het in die 71 kg-afdeling meegeding en 'n 4de plek behaal.



## Cara Hoffman

BUITESPORT KARATE

Cara het op 17-18 Julie 2026 aan die Elite Ope Kampioenskappe deelgeneem.

Sy het in die Kadet Meisies Kumite-afdeling meegeding en 'n silwer medalje verower.






Geluk aan Jaháziël van Wyk (o. 14 A) wat gekies is om die Vrystaat te verteenwoordig by die 2026 Winter Nasionale Skolesportkampioenskappe in Oos-Londen.

# HOKKIE - SFS
## Seuns

https:..www.jfoester.co.za.


BESTEL NOU VIR
DIE SEISOEN
karri
POWERED BY NEDBANK
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
#trotsJF
#trotsJF
WWW.JF.CO.ZA

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R580



## WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460



## GOLFERS: KORTMOU

R340



## PETTE

R166

## LIP BALM

R30





## VISOR

R166

## BUFF

R80






## STROOIHOED

R110

COMBO R170

## JF Band

R60



## BREËRANDHOED

R230

## JF PIN

R80



NUUT




# Kombers



BESTEL & BETAAL OP KARRI
130 X 150 CM

karri
POWERED BY NEDBANK

R390



WES grow EST. 1964
Beperkte voorraad
NUUT
SIT SIT SO
OPVOUSTOELTJIE
TOT 150 KG
Koop & Wen
Gelukstrekking
2 kaartjies
na Vat Vlam
Die Piesangskille
19 SEPT '26
karri
POWERED BY NEDBANK
R200


Hoërskool
Jim Fouché
Die Piesangskille
19 SEPT '26
VAT VLAM
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span
22 September '26
BLOEMFONTEIN GHOLFKLUB
STONEY'S Wheel & Tyre
AVIS
Merice - 063 202 6387
bemarking@jf.co.za


Hoërskool
Jim Fouché
Die Piesangskille
19 SEPT '26
VAT VLAM
Volwassenes: R 150
Leerders: R 100
Voorskool: Gratis
Kaartjies beskikbaar op Karri en Quicket
Vir meer inligting: Merice - 063 202 6387 * bemarking@jf.co.za


Om deel te vorm van borgskap of watergatinskrywing volg die QR-kode
Hoërskool
Jim Fouché
GHOLFDAG
Vir inskrywings volg die QR-kode
R 500 per persoon
R2000 per 4-bal span